


DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Dit is duidelik dat die grootste gedeelte van Suid-Afrika in Desember bogemiddelde reënval gekry het. Dit beïnvloed die pakproses.



Die laaste Tawny en Dan-Ben-Hannah word nou in die Limpopo/Mpumalanga area gepak. Redglobe sal waarskynlik in week 51 of week 1 begin inkom en Crimson en Scarlotta vanaf week 1. Tot op hede was dit, om die minste te sê, 'n uitdagende seisoen in die Noorde. Voortdurende reën het die oesproses baie moeilik gemaak en alhoewel die druiwe alles onder plastiek is, skep die oormaat water in die grond en die hoë humiditeit maar probleme. Die eerste aankomstes in die mark toon ook nie die beste kwaliteit nie.

In die Oranjerivier gebied word nou nog die laaste Prime gepak en Sugaone, Flame en Tawny kom nou aan die beurt. Die eerste ARRA 29 en Ivory sal later die week of volgende week gepak word. Die gebied het die afgelope week of twee ook sporadiese reën gehad. Soos dit tipies met die donderstorms gaan kry een area baie meer reën as 'n ander. In enkele areas het wolkbreuke ook groot skade aan die druiwe aangerig en boorde is in paar gevalle heeltemal onttrek vir uitvoere. Daar was gisteraand weer plek-plek ligte reën en die pakproses het meesal vir die oomblik gestaak.

In die Weskaap sal van ons produsente stadig begin pak in week 52. Prime en Firestar sal dan aan die beurt wees.

Dit sal nog 'n geruime tyd duur voor die verskeping normaliseer. Die Maira XL het toe uiteindelik op 17 Desember geseil. Die verwagte aankoms in London is 30 Desember en in Rotterdam 2 Januarie. Dit lyk redelik onmoontlik, maar ons hou duim vas dat dit wel so is. Die beplanning is dat die Dal Kalahari sal seil op 23 Desember en op 4 Januarie in Rotterdam aankom. Dit lyk ook nie moontlik nie, maar alles dui daarop dat die twee skepe wel beide binne minder as 7 dae van mekaar af sal aankom.

Een van die onverklaarbare dinge is dat die Maira XL, nadat dit byna twee weke in die hawe gelê het, op die einde 232 houers nie gelaai het nie. Die amptelike verklaring is dat dit weens weersomstandighede was en dat die skip moes seil om sy dokkingstyd in Europa te haal. Gelukkig is net 6 van Sapex se houers nie gelaai nie. Vier wat na Europa sou gaan en twee vir Engeland.

Die effek van die 232 houers wat toe nie gelaai het nie, is dat dit moes oorrol na die Dal Kalahari, wat weer die beskikbaarheid van plek op die Dal Kalahari in gedrang gebring het. Ons kon wel die meeste van ons houers, wat agter gebly het en wat vir die Dal Kalahari beplan was, wel opkry. Ons moes net ses houers rol na die Santa Isabel.

Asof al die hawe probleme nie genoeg is nie, was daar Dinsdag en Woensdag 'n kragonderbreking in Kaapstad. Die hawe was ook sonder krag. Houers wat dus in die stack was, was vir net meer as 25 uur sonder krag. Ons gaan wel die houers merk aan ons kant maar die hawe-owerheid het alreeds 'n *force majeure* verklaar, wat beteken daar kan nie enige versekeringseise wees nie. Ons is wel in gesprek met ons marieneversekeraars om uit te vind tot watter mate daar wel dekking is. Die werklike impak van die kragonderbreking sal eers duidelik wees as die boot in Europa aankom.

Een van die gevolge van die vertraging in verskeping is dat dit ook die uitbetaling van ons voorskotte beïnvloed. Omdat ons eers voorskotte ontvang, van kliënte wat dit wel betaal, nadat die skip vertrek het en die verskepingdokumente beskikbaar is, betaal ons ook voorskotte uit gegrond op weglaiweek, nie pakweek nie. Daar kan dus nou 'n langer as gewone periode verloop tussen verpakking en die uitbetaling van voorskotte. Sodra die Santa Isabel se inligting beskikbaar is, sal ons 'n skedule uitstuur aan almal wat aandui wanneer pallette gelaai is en wanneer voorskotte betaal is of verwag kan word.

Die verwagting is dat die mark ten tye van die aankoms van die Maira XL en Dal Kalahari baie leeg gaan wees. Goeie pryse word dus vir die week 1 en week 2 periode voorspel. Dit is egter twee groot bote wat kort op mekaar aanland en indien daar kwaliteitsprobleme weens die vertraging is, gaan die mark baie vinnig verander.

Ons is maar bekommerd oor die kwaliteit van sekere besendings op die Maira XL. Op die stadium lyk dit nie asof ons in week 1 of week 2 na Europa sal kan reis nie. Jy sal waarskynlik wel kan vlieg maar sal moet kwarantyn tydens aankoms. Indien daar dus wel kwaliteitsprobleme is sal ons dit nie eerstehands kan gaan besigtig nie. Ons het wel goeie ontvangers in Europa en het goeie verhoudinge met inspeksiemaatskappye wat wel die vrugte sal kan inspekteer indien nodig en inligting sal kan deurgee.

Daar was tot op hede 'n baie goeie aanvraag in die Ooste. Alles wat hierdie week gepak is, en gepak word, kan teoreties nog in die voor-Chinese Nuwejaar periode aankom. Pryse is dan goed. In die Chinese Nuwejaar periode en die week of twee daarna, is daar wynig verkope in die Ooste. Aanvraag uit die gebied vir druiwe wat in week 52 en week 1 gepak word, sal dus na verwagting daal.

'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar vir almal. Alle aanduidinge is dat die nuwe Omicron variant baie meer aansteeklik is as die vorige variante. Dit blyk egter dat die simptome baie ligter is en hospitalisasies en sterftes baie minder is. Veral vir diegene wat ingeënt is. 'n Meer normale 2022 is dus op die kaarte.

Groete.

Sapex Span